

**AFP111E – SEMESTERTOETS  
MEI 2018  
NASIENRIGLYNE**

**VRAAG 1**

- 1.1.1. Nee, ek het nog nooit slegte punte in 'n toets behaal nie. (2)
- 1.1.2. Ek hou nie baie van my ouma se lekker karringmelkbeskuit nie. (2)
- 1.1.3. Nee, daar is niks waarmee jy my kan help nie. (2)
- 1.1.4. Nee, daar is niks wat ek nog moet doen nie. (2)
- 1.1.5. Torique is nie baie opgewonde oor die vakansie nie. (2)

**[ 10 ]**

- 1.2.1. Chad sal môre vroeg opstaan om sy sussie by die skool te gaan aflaai. (1)
- 1.2.2. Eergister het Professor Majekiso sy dokumente by die huis vergeet. (1)
- 1.2.3. Om goeie punte te behaal leer Nqobile vandag baie hard vir die toets. (1)
- 1.2.4. Khanya sal oormôre haar naels verf. (1)
- 1.2.5. Jean-Pierre speel elke dag baie goed krieket / krieket baie goed. (1)

**[ 5 ]**

- 1.3.1. Thulani het elke oomblik van die universiteitslewe geniet. (2)
- 1.3.2. Bryn het 'n heerlike hamburger tydens etenstyd gestaan en (ge)eet. (2)
- 1.3.3. Meneer Koen was in Grahamstad. (2)
- 1.3.4. Amber het die lig in die lesinglokaal aangeskakel. (2)
- 1.3.5. Jonathan het op die onbeskofte motorbestuurder gestaan en skree. (2)

**[ 10 ]**

- 1.4.1. Joanne sal elke dag die hele dag by die universiteit wees. (1)
- 1.4.2. Conor sal 'n groot swaar sak vol boeke hê. (1)
- 1.4.3. Kaylin sal nege katte hê. (1)
- 1.4.4. Chandre sal nie lief wees vir Warrick nie. (1)
- 1.4.5. Jaymor sal 'n leergierige student wees. (1)

**[ 5 ]**

**AFP111E – SEMESTERTOETS  
MEI 2018  
NASIENRIGLYNE**

- 1.5.1. Die kat is gister vinnig deur Lehlohonolo uit die groot boom gered. (2)
- 1.5.2. Die onbeskofte man sal môre hard deur Sisanda in die klas geklap word. (2)
- 1.5.3. 'n Mooi plakkaat word deur Samkelesiwe gemaak. (2)
- 1.5.4. Haar hond word deur Nathalia by die parkie gesoek. (2)
- 1.5.5. Sy notas is laas week deur Devandré by die huis vergeet. (2)

**[ 10 ]**

- 1.6.1. Mhlali streel haar kat se pels, want sy hou baie van katte. (1)
- 1.6.2. Revano hou nie van die kleur rooi nie; daarom dra hy nooit rooi klere nie. (1)
- 1.6.3. Micaela is vandag baie siek; gevolglik kan sy nie die toets skryf nie. (1)
- 1.6.4. Fabio hou nie van Geskiedenis nie alhoewel hy goeie punte kry. (1)
- 1.6.5. Micano ry baie vinnig met sy motor, al is hy nie laat nie. (1)

**[ 5 ]**

- 1.7.1. Robynn sê dat sy moeg geleer is. (1)
- 1.7.2. Kaylin het gister gevra waar haar toets was. (1)
- 1.7.3. Damian vra hoekom hulle soveel werk moet doen. (1)
- 1.7.4. Jean-Pierre sê dat hy baie honger is. (1)
- 1.7.5. Nadine het eergister gesê dat hulle haar beste vriende was. (1)

**[ 5 ]**

**GROOTTOTAAL: [ 50 ]**

=====